

*Annerlike Afrikaans* deur Anton Prinsloo  
 Sagteband  
 ISBN 978-1-86919-265-5  
 Kleinhandelsprys is R250.00, 536 bladsye  
 Protea Boekhuis

Wie sal weet wat 'n dollewarie is? Of 'n geldmanneljie? Van 'n mooi versorgde ouer vrou word gesê “baie kilometer op maar min enemmel af”. Wat sal tog 'n krompokkel wees? Wie word kolkoppe genoem?

Diegene wat wil weet, kan gerus Anton Prinsloo se jongste publikasie *Annerlike Afrikaans* gaan lees. Dit bevat 'n skat van inligting oor ons land se kontreitale. Die outeur het honderde gesegdes, woorde en sommersêgoed, gebonde aan sekere streke en groepe in ons land, bymeekaargemaak, gedokumenteer en betekenis agterhaal. Dis 'n skat van inligting, opgeneem in 'n lywige boekwerk van 536 bladsye. Dit het nie net 'n kosbare naslaanwerk geword nie, maar somer ook 'n boeiende leesboek wat vanweë sy interessante leesstof jou somer uit die slaap sal hou. Ek vermoed dat skrywers/digters/skeppende kunstenaars dit as 'n handige naslaanbron sal gebruik en ek sal nie verbaas wees as ons letterkunde so mettertyd met woorde uit Anton Prinsloo se kontreiwoordeboek verryk gaan word nie. Dit is origens glad nie ongewoon dat digters byvoorbeeld woordeboeke as naslaanbron/sinoniemebron gebruik nie. Nederland se beroemdste moderne digter, Lucebert, was klaarblyklik 'n ywerige leser van woordeboeke. Uit sy poësie het dit duidelik geblyk dat hy die vreemdste bestaande woorde benut en uit woordeboeke geput het as inspirasiebron.

Taalkundiges sal openbarende taalverskynsels vind in hierdie kontreiwoordeboek uit die pen van hierdie bekende taalkundige en radiopersoonlikheid. Lesers het as 't ware help skryf aan hierdie boek: Hoewel sommige van die inskrywings al opgeteken is in algemene woordeboeke en in kontreikuns, is heelwat data die produk van die outeur se briefwisseling en gesprekke met taalgebruikers oor die hele taalspektrum van Suid-Afrika.

Met hierdie boeiende werk word die taal van meer as 700 kontreie na die mense toe gebring en so lewend gehou.

Anton Prinsloo is 'n voormalige programleier van RSG se “Die tale wat ons praat” en “Klassieke keuse”. Hy het op 10-jarige leeftyd sy eerste stories in die kinderhoekie van die destydse koerant *Die Transvaler* gepubliseer en word sedertdien steeds deur taal betower. Hy was voorsitter van die Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, van die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans en van die Komitee vir Taaladvies van die SAUK. Ander publikasies: *Feite, flaters, fiksie* ('n versameling taaleienaardighede); *Spreekwoorde en waar hulle vandaan kom*, asook *Sleng* (woordeboek van hedendaagse Omgangsafrikaans), *Afrikaans op sy beste* (medeouteur prof. F.F. Odendal). Medeouteur van die Supplement van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans*. Sy werk is bekroon deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, die FAK en die ATKV.

**J van der Elst**  
**SA Akademie vir Wetenskap en Kuns**